

Wat is nuut?

24 Mei 2018 - Doeane-vereistes vir Suid-Afrikaanse reisigers

Doeane is verantwoordelik vir die beskerming van Suid-Afrikaanse grense sodat alle reisigers, asook bemanningslede met hul wettige goedere vrylik daardeur kan beweeg. Ons doen dit deur die gebruik van wêreldklas risikobestuurtegnologie en doeane-kontrole wat deur ons beamptes ter see, land en lughawes uitgevoer word.

Nadat jy deur die Departement van Binnelandse Sake gegaan het, gaan alle reisigers en bemanningslede deur Doeane waar hulle goedere kan verklaar wat vir die betaal van heffings aanspreeklik kan wees, indien hulle enigiets het om te verklaar. Reisigers moet die heffing, soos deur die doeane-beampte aangeslaan, indien enige, aan die beheerder/takbestuurder betaal.

Enige persoon moet 'n reisigerskaart (TC-01) voltooi:

Met aankoms in Suid-Afrika, moet die persoon enige goedere verklaar:

- Gekoop of bekom oorsee waarop geen heffing betaal is nie;
- Gehermodelleer, geprosesseer of herstel oorsee;
- Verbode, beperk of beheer ingevolge enige wet;
- Herinvoer deur 'n terugkerende inwoner van Suid-Afrika wat sodanige goedere geregistreer het toe hy/sy Suid-Afrika verlaat het; of
- Tydelike invoer deur 'n nie-inwoner van Suid-Afrika na Suid-Afrika met die intensie van heruitvoer in dieselfde toestand met vertrek uit Suid-Afrika.

Enige persoon wat Suid-Afrika verlaat moet enige goedere verklaar, wat hy/sy saam met hom/haar oor die grense van Suid-Afrika gaan neem, voor hy/sy Suid-Afrika verlaat. Dit sluit goedere in wat:

- Namens ander persone gedra word;
- Bestem is vir hermodellering, prosessering of herstel oorsee;
- Verbode, beperk of beheer ingevolge enige wet;
- Tydelik ingevoer word deur 'n nie-inwoner van Suid-Afrika vir gebruik tydens sy/haar se verblyf in Suid-Afrika.

Enige persoon, wat die onderstaande in sy/haar besit het, moet die rooi kanaal volg om te verklaar:

- Enige verbode en/of beperkte goedere;
- Enige goedere voorgenome vir handelsdoeleindes; of
- Enige buitelandse, Suid-Afrikaanse banknote of Krugerrandmunte wat die ruilbeheer regulasies oorskry.
- Enige goedere in oorskot van sy/haar belastingvrye vergunning (DFA);
- Enige waardevolle goedere wat geregistreer moet word vir tydelike invoer na binne, of uitvoer na buite Suid-Afrika.

'n Persoon mag deur die GROEN kanaal beweeg indien hy/sy:

- Niks het om te verklaar nie;
- Goedere in sy/haar besit het wat binne sy/haar belastingvrye vergunning val; of
- Nie in besit is van enige verbode, beperkte of beheerde goedere, geskenke wat namens ander gedra word nie (bv. wat deur 'n persoon van oorsee gestuur word aan iemand binne Suid-Afrika), of kommersiële goedere (vir handelsdoeleindes) nie.

Doeane mag 'n persoon in hierdie kanale stop en sy/haar bagasie deursoek om te bepaal of die persoon voldoen aan die bepaling in artikel 15 van die Wet op Doeane en Aksyns. Doeane-beamptes mag ter enige tyd enige slot op bagasie breek indien die sleutels daarvan nie op versoek oorhandig word nie. 'n Persoon sal nie geregtig wees op enige vergoeding vir enige verlies of skade wat spruit uit enige *bona fide* aksie deur 'n doeane-beampte nie.

'n Doeane-beampte mag onvergeselde bagasie, onder doeane-beheer, deursoek in die afwesigheid van die vervoer-vertegenwoordiger of hy/sy agent, om te bepaal of die bepalings van die Wet op Doeane en Aksyns of enige ander wet

nagekom is, indien alle redelike pogings aangewend is om die eienaar (reisiger) van die onvergeselde bagasie of die vervoer-verteenwoordiger of hy/sy agent op te spoor, onsuksesvol is. Customs officer may physically inspect any unaccompanied baggage under Customs control in the absence of the traveller or transport representative or his / her agent order to determine whether the provisions of the Customs and Excise Act or any other law have been complied with provided all reasonable efforts was ascertain to track down the owner (traveller) of the unaccompanied baggage or the transport representative or his / her agent.

Indien 'n reisiger of bemanningslid versuim om enige goedere in sy/haar besit te verklaar of daar gevind word dat hy/sy foutief verklaar het gedurende 'n roetine of fisiese inspeksie, mag 'n doeane-beampte die goedere terughou vir verdere ingryping (bv. bewyse vir die vervolging van 'n oortreding) of die reisiger of bemanningslid versoek om 'n deposito te lewer vir die moontlike oortreding van die bepaling in artikel 15, d.i. versuim om goedere in sy/haar besit verklaar wat die belastingvrye vergunning (DFA) oorskry.

Enige verbode of beperkte goedere of oorskot geldeenheid deur Doeane terughou, sal aan die toepaslike regeringsagentskap(pe) oorhandig word vir verdere ingryping.

Reisigers of bemanningslede word aangemoedig om alle vrae van 'n doeane-beampte ten volle en eerlik te beantwoord, omdat, indien daar enige redelike gronde is om te vermoed dat 'n oortreding ingevolge die wet gepleeg word, 'n offisier onder sodanige omstandighede die reisiger of bemanningslid mag versoek om sy/haar vergeselde bagasie te toon en oop te maak vir deursoeking of skandering (bv. met gebruik van x-straaalskandeerder of enige ander nie-indringende inspeksie metodes).

Neem asseblief kennis: Daar is gevalle by lughawes waar ALLE bagasie van 'n bepaalde vlug (vergeselde/onvergeselde) skandeer word om risiko te bepaal. Sodanige skandering is nie gebaseer op risiko wat op vrae of antwoorde wat aan die passasier gevra is gebaseer nie, maar eenvoudig op roete gebaseer. Dit word lukraak uitgevoer as hoë-risiko indringende operasie. Daar is ook 'n toenemende neiging onder kommersiële reisigers, waar reisigers goedere aankoop vir kommersiële doeleindes en nie as invoerders geregistreer is nie en/of nie deur die SARS vragverslaggewings-meganismes verklaar nie. In sodanige gevalle, kan sodanige bagasie onderhewig wees aan die volle inspeksie voor die terughouding van die goedere vir kommersiële klaringsdoeleindes vir BTW en heffing invordering.

Betalings

Die betaling van enige heffings, belastings, deposito's of boetes as gevolg van doeane, kan betaal word in kontant, per kredietkaart of by wyse van reisigerstjeks.

'n Persoon het twee (2) opsies om 'n betaling aan Doeane te maak:

- a) Betaal Nou opsie; of
- b) Betaal Later opsie. Indien die persoon hierdie opsie kies, sal sodanige goedere deur doeane terughou word hangende bewys van betaling binne 30 dae.

Oorskot geldeenheid

Oorskot geldeenheid is enige bedrag wat R25 000 oorskry of enige buitelandse geldeenheid, wat na Rand omskakelbaar is, wat R25 000 oorskry. Reisigers moet in skrif toestemming kry van die nasionale tesourie, voordat hulle die land verlaat/binnekom met oorskot geldeenheid en moet, met aankoms/vertrek sodanige oorskot geldeenheid op 'n reisigerskaart (TC-01) verklaar. Die kontant wat verklaar moet word is Suid-Afrikaanse banknote en buitelandse geldeenheid, asook Suid-Afrikaanse banknote, effekte, goud en buitelandse geldeenheid, met vertrek. Verdere inligting op die reisigersverklaring is op [Traveller Processing Policy External Directive](#).

Migrante werkers wat na naburige lande terugkeer, word toegelaat om redelike bedrae in die vorm van Rand-note saam met hulle te neem wat hul verdienste in Suid-Afrika verteenwoordig.

Die oorskot geldeenheid regulasie is van toepassing op persone wat die gemene monetêre area (CMA) binnekom of verlaat. Botswana vorm nie deel van die CMA nie, daarom is ruilbeheer vereistes van nie-CMA reisigers, wat die land verlaat of binnekom, van toepassing.

Vir meer inligting oor belasting en immigrasie, verwys na [Tax and emigration](#).